

# OPENING van ,LEWENDE GESKIEDENIS'

## op 7 November



Ten einde so 'n uitstalling moontlik te maak, is die Museum aangewese op skenkings - ons finansies laat ons net eenvoudig nie toe om dit op die ope mark aan te koop nie! In hierdie verband maak ons graag melding van die grootste skenking ooit wat die Museum ontvang het, naamlik van Mnr en Mev. W.J. Strydom van Sadiesingel 7, Winburg. Tot dusver het ons reeds 774 voorwerpe van hulle ontvang, waaronder waardevolle historiese kleredrag, boeke, porselein - en juweliersware, ornamente, foto's en foto-albums. Hulle het ook vir ons 'n hemelbed en 'n stel Bentwoodstoel belowe. Ons innige dank aan hierdie goeie vriende!

Sy Edele, dr. P.G. Koornhof, Minister van Nasionale Opvoeding, sal op 7 November vanjaar die amptelike opening van die historiese straattoneel in die Nasionale Museum waarneem. Daar word reeds drie jaar lank gewerk aan dié uitstalling, wat meer as 400 vierkante meter beslaan en 'n voorstelling is van die leefwyse gedurende die eerste twintig jaar van hierdie eeu. Die outydse apteek, wat verlede jaar geopen is, vorm deel van hierdie straattoneel. Ander "besighede" sluit in 'n damesklerewinkel, horlosiemaker, haarkapper en algemene handelaar. Veselglasmodelle van 'n skoenmaker, 'n grofsmid en sestien ander mensfigure geklee in historiese drag, sal oral in die voltooide straattoneel met hul daaglikse take besig wees.

*Bo: Die Museum se eie apteek! Dié historiese uitstalling vorm deel van die straattoneel en is in Maart 1977 oopgestel vir besigtiging.*

Daar is egter nog 'n hele aantal artikels wat benodig word om hierdie straattoneel so realisties as moontlik te maak.



*Onder: Die geskiedkundige straattoneel in die Nasionale Museum in aanbou. Die voltooide toneel word op 7 November vir die publiek geopen.*

*Bo. Mnr en Mev. W.J. Strydom van Winburg, saam met Mimi Pretorius van die Nasionale Museum (heel links).*

Ons doen met groot vrymoedigheid 'n beroep op al ons vriende (ons het nie vyande nie!) om ons met die ondergenoemde te help.



Dokters- en mediese toerusting, insluitende die kopernaambord van 'n dokter, muurkaarte (byvoorbeeld vir die toets van oë), medisynetrommels, erdekanne, voorraad-items (of die dosies waarin dit verpak is), outydse kameras ens.

Huisgebruiksartikels, onder andere stoofysters, kombuisgereedskap, blakers en snuiters, waterremmers, outydse vrugtebottels en blikke, waterketels, 'n voetskottel, 'n bossiebesem en broodpanne (veral dié wat gemaak is van 'n eengellingparaffienblik).

Vir die voorhuis benodig ons 'n geel-

koperkom met 'n aspidistra daarin op 'n palmstaander ("palm stand"), asook 'n teemus, 'n tafeldoek en antimakassars. Enige breekware, ornamente en 'n muurspieël sal baie welkom wees. Aan vloerbedekkings, byvoorbeeld linoleum, angora- en skaapvelletjies en 'n lappiesmatjie oftewel flentersaar (dit is 'n stuk sak waardeur veelkleurige lappies geryg is), bestaan daar 'n groot behoefte.

Slaapkamer-items, naamlik 'n lampetbekerstel met seepbakkies, kussings, bultsak, deken, lappieskometers en 'n hoededoos is noodsaaklik. Vir die vrou van die huis benodig ons 'n mooi-maakstelletjie met kam, borsel, poer-dosie en dies meer. Musiekinstrumente soos 'n kitaar en konsertina, asook kaslappies, muurtekste, kieries en sambrelê kan ook goed gebruik word.

Het iemand miskien nog 'n naaldwerk-mandjie met lap- en stopgereedskap, 'n stopkalbas en 'n bakpoer-blik vol knope? Ons wil dit graag plaas by 'n outydse rystoel, wat ons ook nog nie het nie! Brei- en hekeltoerusting sal ook welkom wees, sowel as dames-, mans- en kinderklere, hoede en skoene ingesluit.

Winkelitems, soos die lekkergoedbottels waarin vryepermente (oftewel skryfpepermente), "drop" en "sugar sticks" gebêre was, 'n kasregister en blikke, dose en enige van die ander duisende artikels wat in 'n algemene handelaar se winkel aangetref is, sal meehelp om die straat-toneel werklik lewend te maak. Ons is ook dringend op soek na 'n outydse weegskaal, van dié soort wat op die winkelstoep gehou was en vir 'n pennie jou gewig (vandag se "massa") en sommer jou fortuin vir jou vertel het. Ander items wat op 'n winkelstoep uitgepak was, byvoorbeeld driepoot-potte, velskoene, blikemmers, swepe, rieme, kettings, stroppe, saals, tuie en slagysters, sal baie welkom wees.

Ten laaste soek ons ook straatnaam-borde en van die outydse advertensie-borde van emalje, soos dié waarop Mazawattee Tee en Sulight Seep bekend gestel is.

Sonder die hulp en ondersteuning van ons vriendelike publiek kan die Museum nie ons geskiedenis vir ons kinders en kindskinders lewend hou nie. As u dus enigiets het wat die Museum moontlik kan gebruik, stuur 'n poskaart (Posbus 266, Bloemfontein, 9300) of bel ons (tel. nr. 79609) en ons sal u kom besoek.

J.J. Oberholzer  
(Direkteur)



## OLD SKETCHES DISCOVERED

To call somebody an old sketch is usually at least a little derogatory, but the



Above: "Kampvrou" by W.H. Coetzer.

Above: The charcoal drawing from Shrewsbury, England. The newspaper clipping at the bottom reads: "Pres. Steyn at Breakfast with Mr Abraham Fischer." The boy in the centre is Colin Steyn, father of Mr Justice M.T. Steyn, now Administrator General of South West Africa. This photograph was taken by Lund in 1900.

National Museum recently acquired two old sketches of great value - it would be a compliment to be compared to any of them!

The first drawing (left) is called "Kampvrou" and was made by W.H. Coetzer in 1948. It was found among notes by the late Miss Trudie Kestell, in life honorary curator of the historical costumes in the Museum.

The second of the two drawings was discovered on the ceiling of a house in Shrewsbury, England, during 1977 and recently donated to the Museum. It was found by Mr Geoffrey Smith when he helped his daughter to move into the house. The drawing was made by an unknown artist, T.S.C. Crowther. There is a copy of the photograph on which the drawing was based in the War Museum of the Boer Republics in Bloemfontein. The photograph was taken by a man called Lund, who was active on the Natal Front during the Anglo Boer War. The particular photograph was taken early in 1900, when President Steyn and Mr Abraham Fischer inspected the eastern front.